HESSEQUA MUNISIPALITEIT

A CARING, SERVING AND GROWING HESSEQUA

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van geskikte persone in die volgende tydelike EPWP vakatures:

Kettingsaagoperateurs x2 – Hessequa Munisipale Area
(Verw: CHAIN) R5500 per maand
Tydelike kontrak: 01 Oktober 2026 tot 30 September 2027

Vereistes: Graad 9 (Moet kan lees en skryf) • In staat wees om in gure weersomstandighede te werk • Kettingsaagoperateurssertifikaat • Moet bereid wees om oortyd te werk, indien so vereis • Kennis van inheemse biodiversiteit, asook een jaar ondervinding in ’n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.

Pligte: Uitroei van uitheemse plantegroei in reservate en munisipale grond • Erosiebeheer in natuurreservate en staproetes • Instandhouding van voetpaaie, infrastruktuur, asook braaiplekke • Konstruksie van rivierbeheer infrastrukture • Stabiliseer duine.

Hierdie is ‘n tydelike kontrak en nie ’n permanente aanstelling nie.

Die Munisipaliteit van Hessequa is ’n gelyke geleentheid werkgewer en moedig persone met gestremdhede, asook persone vanuit voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings.

Instruksies aan aansoekers:

Kandidate kan op die e-werwing webtuiste registreer en hul aansoeke aanlyn indien.
(https://munrec.collaboratoronline.com/SitePages/Home.aspx)

Aansoekvorms kan van die Munisipale webwerf www.hessequa.gov.za afgelaai word. Hierdie aansoeke kan elektronies aan applications@hessequa.gov.za versend word. Aansoekvorms kan ook per hand by enige Hessequa Munisipale kantoor afgelewer word of aan Menslike Hulpbronne, Posbus 29, Riversdal, 6670, versend word.

Die Munisipaliteit is 'n werkgewer wat gelyke werksgeleenthede aanbied en volg die Wet op Gelyke Indiensneming. Voorkeur sal aan kandidate gegee word wie aan die Gelyke Indiensnemingsdoelwitte voldoen, maar hierdie sal nie die enigste kriteria wees nie. Alle aansoeke is onderhewig aan die nagaan van verwysings, verifiëring van kwalifikasies, sowel as kriminele rekords. Deur aansoek te doen vir hierdie pos by die Munisipaliteit, verleen jy toestemming vir hierdie verifikasies. Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word of nie 'n aansoekvorm insluit nie, sal nie oorweeg word nie. Gunswerwing deur enige Raadslid en/of lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van die Munisipaliteit, sal aansoekers diskwalifiseer. Slegs aansoekers wie gekortlys word, sal vir onderhoude genooi word. Aansoekers wat drie (3) maande na die sluitingsdatum nog geen terugvoering ontvang het nie, kan hul aansoek as onsuksesvol beskou. Kandidate vir indiensneming kan in enige area van die Hessequa geplaas word. Dit sluit in: Witsand, Slangrivier, Heidelberg, Riversdal, Stilbaai, Albertinia en Gouritsmond. Aansoekers woonagtig in die Hessequa Munisipale Area, sal voorkeur geniet. Die Munisipaliteit respekteer die voorwaardes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting. Deur jou inligting en aansoek beskikbaar te stel, bevestig jy dat die gegewe inligting waar, korrek en op datum is. Daar sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om ’n dienskontrak te sluit, belange en voordele te verklaar en 'n prestasie-ooreenkoms te onderteken. Kandidate wie laat vir onderhoude opdaag, sal gediskwalifiseer word. Die Munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Sluitingsdatum: 21 Augustus 2026

Kontakpersoon: Me Alicia Mthonjeni by 028 713 8073